NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
26 NOVEMBER 2026
JAARGANG 19 – UITGAWE 46

Blitspos

Die Woord het onder ons kom woon

Ons leef in 'n toekomsgerigte wêreld. Daagliks word ons, oud en jonk, aangemoedig om nie blindelings die toekoms tegemoet te gaan nie. Daar moet vir die toekoms beplan word en ons optrede in die hede moet toekomsgerig wees. Die verlede is verby, en daar is niks wat ons kan doen om dit te verander nie. Daar is niks daarmee verkeerd om so te leef nie. Ons moet verantwoordelik in die hede leef sodat die toekoms minder angswekkend is. Maar tydens Advent word ons weer daaraan herinner hoe belangrik en invloedryk ons verstaan van die verlede vir ons optrede van elke dag is, en ook vir die manier waarop ons die toekoms tegemoetgaan.

In Advent dink Christengemeenskappe regoor die wêreld weer na oor die koms van Jesus Christus: die oomblik toe God mens geword het en onder ons kom woon het. Die manier waarop hierdie gebeurtenis onthou en verstaan word, is belangrik!

In die begin was die Woord

Die Johannes-evangelie begin met 'n poëtiese verkondiging van Jesus se koms. Jesus word voorgestel as die Woord van God (Joh 1: 1), wat *reeds in die begin by God* (Joh 1:2, AFR83) was en ook self God was.

Deur die Woord het die ganse skepping tot stand gekom (Joh 1: 3). Deur Jesus as die Woord voor te stel, beklemtoon Johannes die kommunikatiewe aard van hierdie gebeurtenis. Wanneer Jesus dus met mense praat, is die openbaring wat Hy bring, direk van God. Jesus sê in Johannes 7: 6-18 dat dit wat Hy met die mense deel, nie sy eie leer is nie, maar dit wat Hy van God ontvang het. Op dié wyse vertel Johannes vir ons dat Jesus dié bepalende openbaring van God aan Christene is.

Die Woord as lewe en lig

Wat Jesus egter in Johannes oor God kom openbaar, is nie 'n reeks stellings en leringe wat mense moet memoriseer nie. Die Woord is nie vir Johannes letters op papier of paragrawe nie, maar 'n persoon. En wanneer persone woorde gebruik om met mekaar te kommunikeer, kom verhoudings tot stand. Dit is die kern van Johannes se vertelling van Jesus se koms. Jesus, as die Woord van God, is die deurslaggewende openbaring van God, en hierdie openbaring is gegrond op 'n verhouding van lewe en lig wat tot stand kom.

Wanneer Jesus met mense oor God praat, gaan dit daaroor om hulle tot 'n lewende verhouding met God te lei. Hierdie verhouding is egter nie net lewend in die sin dat mense die lewende God ontmoet nie, maar ook omdat mense binne hierdie verhouding lewe in oorvloed kan ontvang en beleef (Joh 3: 16-17; 10: 10).

In die Woord wat Lig en Lewe is, is daar genesing (Joh 4: 46-54; 5: 1-15), voedsel vir dié wat honger is (Joh 6: 1-15), en die magte van chaos en vernietiging is reeds oorwin (Joh 6: 16-21).

Die Woord as die heerlikheid van God

Die koms van Christus, wat ons tydens Advent herdenk, openbaar dus die heerlikheid van God aan ons. Normaalweg word hierdie heerlikheid as verblindende lig uitgebeeld, asook God se almagtige heerskappy in die hemel. Maar Johannes herinner ons ook aan 'n ander kant van God se heerlikheid.

Hierdie heerlikheid word ook geopenbaar in die manier waarop Jesus onder mense geleef het: hoe Hy na mense in nood omgesien en 'n boodskap van verlossing en vernuwing verkondig het. Jesus, as die Woord van God, openbaar hoe 'n lewe lyk wat geheel en al aan God toegewy is.

Teenoor die ryk van Rome verkondig Jesus die heerskappy van God. Dit is nie 'n heerskappy soos dié van die aardse ryke nie, maar een wat tot lewe lei (Joh 18: 33-40). Die slot van die Evangelie volgens Johannes bevestig dit deur te sê dat alles waarvan getuig word – alles wat Jesus gedoen het – ten doel het dat ons moet glo dat Jesus die Christus, die kind van God is, en deur te glo dat ons so die lewe in Christus se naam kan ontvang (Joh 20: 30-31).

Die Woord het vlees geword en onder ons kom woon

Hierdie lewe, wat deur die koms van Jesus as die Woord bewerkstellig word, is inderdaad die toekomstige lewe in die teenwoordigheid van God. Maar dit is net so belangrik om te besef dat hierdie lewe reeds in oorvloed aan ons geskenk word.

Gedurende Advent dink ons na oor die historiese oomblik toe die Woord vlees geword het onder die mense van die eerste-eeuse wêreld. Hulle het Jesus beleef en daarmee ook die heerlikheid van God ervaar. Maar wanneer ons hierdie getuienisse lees, gebeur daar iets. Die *ons* waarvan Johannes praat, trek ons as lesers in. Ons word deel van dié wat getuig en sê: *Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien* (Joh 1: 14, AFR83).

Wanneer ons tydens Advent hierdie getuienis weer ons eie maak, besef ons om Jesus as die Woord van God te bely, is om te bely dat God se openbaring in 'n persoon, en nie in woorde en sinne nie, plaasgevind het en steeds plaasvind. Jesus is ook vandag steeds 'n lewende werklikheid in ons eie lewens.

Advent gaan oor meer as net die herinnering aan 'n historiese oomblik toe die Woord vlees geword het. Dit gaan oor 'n oomblik in die verlede wat ons verstaan van die hede, sowel as ons optrede in die toekoms bly beïnvloed. Dit gaan oor 'n verhouding wat tot stand gekom het en tot lewe in oorvloed gelei het. Dit is die tyd waarin ons doelbewus gerig op die verlede leef, op so 'n manier dat hierdie oomblik ons huidige optrede en so ook ons ingesteldheid teenoor die toekoms diep beïnvloed.

Dr Robert J van Niekerk
(Dosent/Wonderboompoort)

VINNIGE NUUS

- LIEF EN LEED
- VERJAARSDAE
- VERGADERINGS (GEEN)
- GEMEENTES EN BEDIENING
- WERKGELEENTHEDE
- KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES
- KOM KYK EN LUISTER SAAM
- LIED VAN DIE WEEK
- 'N GEDAGTE
- FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE
- SP ENGELBRECHT-MUSEUM
- TOERUSTING
- JONG VOLWASSENES
- BARMHARTIGHEID
- GEBED VIR DIE WEEK

“Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.”

“Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings wat deur skrywers uitgespreek word, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.”

“Die **laaste uitgawe** van Blitspos vir 2026 verskyn op **3 Desember**. Blitspos neem dan 'n blaaskans en verskyn weer op **14 Januarie 2027**.”

“Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem.”

Matt 1: 23, AFR83

www.nhka.org
Stuur nuus, berigte en kort kommentaar na: **taal@nhk.co.za**
Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos aan: **bladuitleg@nhk.co.za / grafies@nhk.co.za**

LIEF EN LEED

Ds Anet Dreyer-Krüger neem van 25 November tot 13 Desember aan die wêreldkampioenskappe in lewensredding in Gqeberha deel. Die Kerk wens haar voorspoed toe.

Ons wil graag vir ons spanne, wat binnekort gaan sweet om geld vir Rata in te samel, sterkte toewens. Mag ons Vader sy beskermende hand oor julle hou.

- Ons ***Ride-for-a-child*-span** se uitdagende wedren teen tyd het op **25 November** begin. Hulle durf die **Munga** aan en gaan poog om ongeveer 1 100 km in vyf dae te voltooi. Die span bestaan uit **Annatjie van Wyk** (soloryer), en die Équipe (span) bestaan uit **Christo Cilliers**, **Jacques Leipoldt**, **Arnold Cilliers**, **Thierry Beheydt** en **Riaan Loots**. **Ds Theuns Botha** en **Hannes Bester** dien as spanbestuurders. U kan die ryers se vordering ***hier*** volg. Jy kan jou donasie vir Rata ***hier*** maak.

OUR JOURNEY, YOUR STORY, FOR GOD'S GLORY

- Die ***Run-for-a-child*-span**, wat onder andere uit **dr Martin Janse van Rensburg** (Delmas), **di Johnny Young** (Rustenburg-Tuine) en **Stephen de Beer** (Noordwestelike Pretoria) bestaan, het **Woensdag 25 November** vanaf ATKV-Buffelspoort weggespring om 260 km in 26 uur aan te durf. Hiermee

VERJAARSDAE

Die volgende predikante verjaar tot **4 Desember**. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.

Vrydag
27
November

Ds MA (Michael) Müller
Potchefstroom-Studente

Saterdag
28
November

Dr BJ (Barry) van Wyk
Emeritus/Warmbad

Saterdag
28
November

Ds SH (Fanie) Willers
Beroep-afwagtend

Dinsdag
1
Desember

Prof Y (Yolanda) Dreyer
Emeritus

Woensdag
2
Desember

Ds JPJ (Kalla) Fourie
Emeritus

Donderdag
3
Desember

Dr SM (Sanrie) de Beer
HTK-dosent/Philadelphia

GEMEENTES EN BEDIENING

Ds DJB Serfontein (emeritus) het 'n beroep na Gemeente Pongola (deeltyds) ontvang.

Ses en veertig jaar se musiekbediening: Vir **Lynn Bootha** is musiek veel meer as net note op 'n bladsy – dit is 'n roeping en 'n manier om God te dien. Sy het 46 jaar gelede as orrelis van die destydse Gemeente Randfontein begin. Ná die gemeente se afsluiting het sy haar musiekbediening by **Gemeente Midpark** voortgesit. Oor die jare het sy 'n besondere deel van die gemeente se geloofs- en gemeentelike lewe geword.

In 2026 het Lynn haar 46ste Paassangdiens begelei en in November het haar 46ste Kerssangdiens gevolg – 'n besondere mylpaal wat getuig van jarelange liefde, toewyding en getroue diens.

Terwyl Gemeente Midpark in 2027 haar 40-jarige gemeentebestaan vier, is Lynn 46 jaar van musiekbediening 'n besondere deel van die gemeente se geskiedenis.

Gemeente Midpark bedank Lynn vir 'n besondere nalatenskap van musiek en diensbaarheid.

Gemeente Laer Suidkus nooi vakansiegangers na die gemeente se eredienste gedurende die feestyd.

Port Edward: Elke Sondag om 08:00 in die saal van Port Edward Primary School, Fifeweg, Black Rock, Port Edward.
Port Shepstone: Elke Sondag om 09:30 in die kerkgebou te Scottstraat 3, Beachfront, Port Shepstone.

Spesiale dienste:
- Geloftedag: Gesamentlike erediens met die NG Gemeente Port Shepstone in ons kerkgebou te Scottstraat 3. Die erediens word deur ds Jacques Pieterse gelei.
- Kersfees: Port Edward om 08:00. Die erediens word deur ds Jacques Pieterse gelei. Port Shepstone om 08:00. Die erediens word deur dr Rias Loots gelei.

DIE PASTORIE GASTEKAMERS
Gerieflike verblyf in Polokwane – jou tuiste weg van die huis
- Die Pastoriekamer: Koninggrootte bed of 2x Enkelbed en suite
- Die Buitekamer: Dubbelbed en suite
- Elke kamer met privaat ingang en ontspan-binnehof
- Onderdak en veilige parkering (parkering vir woonwa beskikbaar)
- Selfsorg geriewe
- Ideale oornag vir koshuisouers, afsprake en hospitaalbesoeke
- Gerieflike oornag op pad na, en vanaf, die Kruger Wildtuin en ander Limpopo bestemmings
- Uitstekend geleë naby skole, hospitale en inkopiesentrums

BESPREEK NOU
Henk & Trudie Joubert
PASTORIE GASTEKAMERS 082 561 3799 dshenk@mweb.co.za
https://www.facebook.com/pastorie.gastekamers/
PREDIKANTE GENIET 10% AFSLAG OP ELKE BESPREKING

WERKGELEENTHEDE

Ons Tuis (MSW) het tans 'n vakante pos vir 'n **tehuisbestuurder** by **Ons Tuis Machteld Postmus** wat in Brooklyn, Pretoria geleë is. Hulle is op soek na 'n passievolle, gemotiveerde en ervare bestuurder wat toegewyd is daaraan om ouer persone se lewenskwaliteit te verbeter en deel te vorm van hulle multidissiplinêre span.

Besoek Ons Tuis se ***Facebook***-blad vir volledige inligting rakende kwalifikasies, ondervinding, vaardighede en sleutelverantwoordelikhede.

Aansoeke met 'n volledige CV kan na **adm@otmt.org** gestuur word vir aandag: Mnr G Janse van Rensburg, Personeelbestuurder Ons Tuis (MSW). **Sluitingsdatum** vir hierdie aansoek is **4 Desember 2026.**

Werkruimte vir deeltydse bediening: Eikenhof/Turffontein-kombinasie

Gemeentes Eikenhof en Turffontein in Johannesburg nooi gelegitimeerde en geëmeriteerde predikante van die NHKA om aansoek te doen vir 'n deeltydse predikantswerkruimte ingevolge 'n samewerkingsooreenkoms tussen die twee gemeentes.

Die aangestelde predikant sal vir die bediening van beide gemeentes verantwoordelik wees, met die klem op die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente, pastorale versorging en die toerusting van lidmate. Die erediens en suiwere Woordverkondiging staan in albei gemeentes sentraal. Albei gemeentes is ook deur verskeie projekte by hulle onderskeie gemeenskappe betrokke.

Aansoeke, vergesel van 'n volledige CV, moet per e-pos aan ds Danie Malan by **dmalan3@gmail.com** gestuur word. **Aansoeke sluit op 17 Desember 2026.**

Navrae kan aan ds Danie Malan (083 636 1586) of ds James Jooste (073 228 5180) gerig word.

Die gekose kandidaat se werksverpligtinge sal op 1 Maart 2027 begin.

KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES

Emerituspredikante wat die ***Almanak en Bybelse Dagboek*** gratis as pligeksemplaar ontvang, kan kies om eerder die ***Bybelse Dagboek in Grootdruk*** te ontvang. Die ***Almanak en Bybelse Dagboek*** bevat beide die dagstukkies én gemeentelike inligting. Die ***Bybelse Dagboek in Grootdruk*** bevat slegs die dagstukkies, maar in 'n groter en meer leesbare lettergrootte. Kontak asseblief vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** om u keuse aan haar deur te gee.

Bybelse Dagboek in GROOTDRUK

Die inhoud is identies aan die *Bybelse Dagboek*-gedeelte van die bestaande *Almanak en Bybelse Dagboek*.

Hierdie boek word slegs op aanvraag gedruk en geen voorraad is vooraf beskikbaar nie.

Hou asseblief in gedagte dat daar 'n produksietyd is, so aflewering kan 'n paar dae neem.

R290 (versending uitgesluit)

Bybelse Dagboek en Almanak

Belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek **in een omslag**.

R200 (versending uitgesluit)

Bestel by boekwinkel@nhk.co.za

Om die Bybel (beter) te verstaan

Hierdie is 'n herdruk van dr Gert Malan se boek, *Om die Bybel (beter) te verstaan*. Die publikasie is daarop gemik om lidmate te help om die Bybel verantwoordelik te lees en die boodskap daarvan beter te begryp.

Plaas u bestelling om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

R80

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** vir navrae oor pryse en voorraad.

R160 (versending uitgesluit)

'N WOORD VIR ELKE DAG

Plaas u bestelling om u eksemplaar nog gedurende hierdie jaar te ontvang.

Ná die gewildheid van Volume 1 volg 'n tweede bundel Gedagtes vir die Dag.

Hierdie opvolgboek bou voort op dieselfde beginsel: daaglikse oordenkings uit die NHKA *Bybelse Dagboek*, saamgevat om u te laat stil word, na te dink en moed te skep.

Of u elke dag 'n gedagte lees of af en toe daarin blaai – mag Volume 2 ook vir u 'n getroue metgesel op u geestelike reis wees.

Kontak vir Sarie by **boekwinkel@nhk.co.za** om u bestelling te plaas.

KOM KYK EN LUISTER SAAM

kyk *hier*

Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op Donderdae in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.

BYBELSE DAGBOEK 2026



kyk *hier*

Ons weeklikse **Blitsflits** word deur **Anushke Muller** aangebied. Klik ***hier*** vir die jongste weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag op sosiale media en YouTube.

LIED VAN DIE WEEK

luister *hier*

VONKK 618 – Heer, vandag staan ons in stilte

Heer, vandag staan ons in stilte
dat u Woord ons troos sal gee.
In geloof wil ons u hand vat
elke more, elke tree.
Elke vlam wat ons hier aansteek
is 'n teken van onthou,
en 'n teken van vertroue
dat ons net op U kan bou.

Soos ons dink aan ons geliefdes,
wat gesterf het oor die tyd,
glo ons dat hul nou by U is,
voor u troon in heerlikheid.
Maar hul plek is leeg hier by ons,
en hul stemme is hier stil;
maar ons glo wat hul verwag het
is by U totaal vervul.

Heer, ons weet: ook ons sal eendag
daardie selfde paadjie loop.
Om by U dan te kan tuiskom,
is ons vaste lewenshoop.
Maar tot daardie oomblik aanbreek
dat ons daardie pad moet gaan;
is ons troos in Jesus Christus –
Hy wat ons by U laat staan.

'n Lied vir Ewigheidsondag

Die laaste Sondag van die kerkjaar word in baie gemeentes as Ewigheidsondag gevier. Dis 'n geleentheid, nie net om vooruit te kyk na die ewige lewe wat vir ons as gelowiges wag nie, maar ook om terug te kyk en te onthou watter gemeentelede in die loop van die kerkjaar oorlede is. In sommige gemeentes word dié geleentheid gevier deur 'n herinneringskers aan te steek vir dié wat ons vooruitgegaan het. Tot dusver was daar nie 'n lied wat hierdie herdenking spesifiek verwoord nie.

Die Afrikaanse teks
Hierdie teks is een van die meer persoonlike tekste wat ek geskryf het. My eie pa, Dawid van der Merwe, is in die afgelope kerklike jaar oorlede, en ek het die teks spesifiek vir Ewigheidsondag geskryf, wanneer ons ook vir hom 'n kers sou aansteek. Dit was egter ook vir my belangrik om ons almal se eie sterflikheid in die lied te verwoord. Daarom is die derde strofe veral daarop gemik om te erken dat ons self ook die pad sal moet loop, soos dié wat reeds gesterf het.

Die komponis
Die melodie wat ek gebruik het, is die bekende Blaernwern van William Rowlands uit 1905. Dit is die melodie wat in Afrikaans bekend geword het deur Gesang 399 (Aan die tafel met die Paasmaal) en later VONKK 254 (God is hier). Die rede vir die hergebruik van die melodie is eenvoudig: dié tipe lied sou eintlik nie maklik by ander geleenthede as Ewigheidsondag gebruik kon word nie. Dit is dus moeilik om 'n nuwe melodie vir so 'n *geleentheidslied* te gebruik.

Liturgiese gebruik
Daar is nie baie ander liedere wat spesifiek ons as mense se eie sterflikheid verwoord nie. Veral strofe drie kan dus ook op 'n ander geleentheid gesing word wanneer dit die inhoud is wat die liturg wil oordra. Die lied is egter baie spesifiek op die gebruik tydens Ewigheidsondag gerig.

Die lied word tans nog geproeflees en sal eers aan die begin van 2027 op die web geplaas word.

Ds Hannes van der Merwe
(Pretoria-Oos)

GEDAGTE

Maria

'n Engel het dit self gebring,
die vreugde-boodskap – en jy het
'n lofsang tot Gods eer gesing,
Maria, nooi uit Nasaret!

Maar toe Josef van jou wou skei
en bure-agterdog jou pla,
het jy kon dink eenmaal sou hý
die hele wêreldskande dra?

Toe jy soms met 'n glimlag langs
jou liggaam stryk... die stilte instaar...
wis jy met hoeveel liefde en angs
sou hý sy hellevaart aanvaar?

Die nag daar in die stal – geeneen
om in jou nood by jou te staan –
Het jy geweet dat hy alléén
Getsemané sou binnegaan?

Toe vorste uit die Ooste kom
om nederig hulde te betoon,
wis jy hoe die soldate hom
tot koning van die volk sou kroon?

En toe hy in jou arms lê,
sy mondjie teen jou volle bors,
het jy geweet dat hy sou sê,
toe dit te laat was: Ek het dors!

Toe dit verby was en jy met
sy vriend Johannes huis toe gaan –
Maria, vrou van smarte, het
jy tóé die boodskap goed verstaan?

Elisabeth Eybers

https://maroelamedia.co.za/lees/afrikaans/gedigte/gedig-maria/

FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE

vertel ons

Vertel ons asseblief van **geleenthede** by jul gemeentes. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za.**

1 tot 26 DES
18:00 tot 22:00
Gesluit op Sondae

KERSLIGGIES BY GEMEENTE MONTANA

Kersfeesliggies word vanjaar vir die sesde keer aangebied. Daar is 'n binnenshuise Kersmark, Kersvader kom kuier en daar is 'n speelterrein vir die kleingoed. Die feestyd is 'n tyd vir families om saam te kuier. Kom eet ietsie tradisioneels en geniet die duisende liggies. Die grootste Kersboom is met meer as 1 km se liggies versier! Kom geniet gerus die Kersliggies saam met jul geliefdes.

R80 (volwassenes), R60 (kinders van 3 tot 12 jaar), Veilige parkering teen R10 per voertuig.
Jan Bantjiesstraat 350, Montana
www.kersfeesliggies.co.za

30 JAN
SLUIT

GEMEENTE RANDBURG: BOSWEGBREEK

Koop jou kaartjie en staan 'n kans om 'n droomwegbreek na die bos ter waarde van R20 000 te wen. Daar is slegs 250 kaartjies beskikbaar.

R200
Quicket
083 279 5816
admin@nhk-randburg.co.za

Enige tyd

GEMEENTE ERASMIA: KWALITEIT BRAAIHOUT

Kom koop jou Thabazimbi-braaihout by ons.

R30 per 8 kg-sakkie. Aflewering in die Pretoria-omgewing ingesluit.
076 336 5739 (Johan Otto)

SP ENGELBRECHT-MUSEUM

SP ENGELBRECHT-MUSEUM

Reis terug in tyd by die SP Engelbrecht-museum!

Ontdek kosbare kerk- en kultuurskatte en bring familie en vriende saam.

Besoeke per afspraak: **R40** per persoon.
Bespreek by **ds Johann de Bruin: 082 733 3951** of **careljohann@gmail.com**.

TOERUSTING

Diploma in Bediening
Deeltydse studies
Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; vyf jaar deeltyds

Toelatingsvereistes:
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie.

“Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk.”

Inskrywings vir Februarie 2027 kan nou gedoen word.

Maak 'n verskil in die Koninkryk van God

SkillsPro GROUP
Departement van Teologie in samewerking met die NHKA

Navrae: Ds Bouwer Serfontein E-pos: ministry@skillspro.co.za Selnommer: 082 339 7854

JONG VOLWASSENES

Kougom-studentekamp word deur die NGK se studentebedieningsnetwerk in Bloemfontein aangebied. Dit is 'n goeie geleentheid vir **jong Hervormers** wat in **Bloemfontein** gaan studeer.

NHSV-Studieleningsfonds 2027: Die NHSV beskik oor studielenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die studielenings. Die aansoekvorm kan ***hier*** afgelaai word. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 Januarie 2027.


Stap in jou nuwe studentelewe met
THE ULTIMATE JOURNEY
KOUGOM
Student Camp Bloemfontein
R1300 per student
27 tot 31 Januarie 2027
Oop vir alle eerstejaar- en voorgraadse studente
Mooigenoeg Kampterrein, Bloemfontein
www.kopanongministry.org/kougom
meer inligting by:
info@kopanongchurch.org

Is jy in 2027 'n Matie?

Stellenbosch Hervormde gemeente wil jou graag ontmoet en ondersteun in die oorgang van hoërskool na studentelewe!

Kom woon gerus ons aanvangskamp by.
Eerstejaar of senior, almal is welkom.
Datum: 24 tot 26 Januarie 2027.
Ons kom 24 Januarie 14:00 by die kerkgebou bymekaar.
Koste: R500 per persoon.

Kontak ons gerus, en ons stuur dan al die besonderhede: dr Chris le Roux by cleroux@mweb.co.za, 079 495 3239, of ds Elizabeth Rossouw, by 3erossouw@gmail.com, +264 81 833 7022 (whatsapp), 078 032 3819 (bel).

Klik ***hier*** vir Gemeente Stellenbosch se inligtingsbrief oor die aanvangskamp.

BARMHARTIGHEID

klik *hier*

Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor seniorbehuising en -versorging.

NHSV-jaarverslae: Vrouelidmate voltooi jaarliks die NHSV-Jaarverslae oor hul werksaamhede binne gemeentes asook in die gemeenskap. Dit voorsien die NHSV-Hoofbestuur van nuttige inligting vir verdere beplanning na aanleiding van vrouelidmate se behoeftes. Ons is dankbaar vir al die inligting en terugvoer.

Tydens vanjaar se nasionale NHSV-kongres is ons opnuut herinner aan al die terreine waarby die NHSV-Hoofbestuur en alle vrouelidmate in die Nederduitsch Hervormde Kerk betrokke is. Daar is soveel geleenthede waar ons 'n verskil kan maak en ons NHSV-leuse, *Wees 'n seën*, ten volle kan uitleef en toepas. Dit is inderdaad 'n voorreg om te weet waar elkeen 'n verskil kan maak.

Vanjaar se verslag is kort en kragtig om die invul te vergemaklik. Ons versoek elke gemeente se vrouelidmate om die verslag te voltooi, selfs al is daar nie 'n aktiewe NHSV nie. Daar is talle gemeentes wat baie moeite met vrouebediening doen, en ons neem graag kennis van al die landswye inisiatiewe. Só leer ons by mekaar, en die idees en temas kan weer ander vrouelidmate se beplanning aanvul.

Die NHSV-jaarverslae is saam met NHSV-omsendbrief 3/2026 uitgestuur. Dit is ook ***hier*** op die NHSV se webblad beskikbaar. Die sluitingsdatum vir die indiening van die verslae by die verskillende streeksvoorsitters is 30 November 2026. By voorbaat dankie vir almal se insette! Voltooide verslae kan ook na **admin@nhsv.org.za** gestuur word. Mev Rozelda Nel by die NHSV-kantoor sal seker maak dat dit na die regte streeksvoorsitter aangestuur word.

HEERLIKE KOEKIES VIR DIE FEESTYD!
Vir jou Kersfeestafel, geskenke en daardie lekker saamkuier-oomblikke.
NOG KERSGESKENKE NODIG?
Ontdek ook ons resepteboek, bekers en pette!
Bestel nou by www.onstuis.org of stuur 'n e-pos na info@otmt.org / machtadmin@otmt.org

GEBED VIR DIE WEEK

Heilige Vader,

Dankie dat U die Gees van u Seun gestuur het om in ons te lewe en ons na U te laat roep: Abba, Vader!
Vul my hart met u waarheid en liefde,
vernuwe my siel en lei my elke dag.
Laat my u Gees ervaar wat my vertroos en versterk.
Help my om u stem te hoor en te gehoorsaam.
Skep 'n blywende band tussen U en my,
sodat ek altyd in u teenwoordigheid kan wandel.

Amen.

https://boodskapvirvandag.co.za/heilige-gees-gebed/



REDAKTEUR	SUBREDAKTEUR	KOÖRDINEERDER	UITLEGKUNSTENAAR	JOERNALIS
Ds David Barnard	Ds Mariët Robbertze	Mej Sanet du Plessis	Mnr Hugo van Niekerk	Ds Iwana Kruger